# 16 Februarie   Johannes 10:17-18 (Lukas 23:46)

## *Dood = Ontslaap*

Is u bang om te gaan slaap? Sekerlik tog nie, want u kan met vrymoedigheid bid: "Vader, laat my weer ontwaak". Met hierdie selfde vrymoedigheid kan ons die doods-dal betree, want Jesus het beheer oor die dood. Hy gebied die dood om oor Hom te kom. Met 'n harde uitroep, (Ou vertaling: "Met 'n groot stem") gelaaf deur die bietjie suurwyn, kom sy sewende kruiswoord: "Vader in U hande gee Ek my gees oor". Jesus is nie deur die dood oorweldig nie.

"Die Vader het my lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem... Ek het volmag om dit af te lê en Ek het volmag om dit weer op te neem" (Joh. 10:17). Jesus het die dood verander van 'n straf tot 'n slaap. Terwyl Hy sterf bou Hy vir ons die brug na die hemel toe. Reeds in Johannes 11 het Hy van die dood gesê: "Ons vriend Lasarus slaap maar Ek gaan om hom wakker te maak".

So word die dood vir ons 'n deurgang na die ewige lewe, dadelik wanneer ons ons laaste asem uitblaas. Daarom sê die Skrif dat Stefanus ontslaap het (Hand 7:60). Ontslaap is die teenoorgestelde van slaap. Ontslaap is om wakker te word. Op ons sterfbed word ons wakker by die Here.

Is u bang om te gaan slaap? Natuurlik nie. Is u bang om te ontslaap? Moenie wees nie. Jesus het belowe Hy kom ons haal sodra ons plek gereed is. Leef elke dag voluit vir Hom. Niks kan ons van sy liefde skei nie.

Sing: Psalm 43:3,4 Ds. J. Venter (Brakpan)